**Sondag 26 Julie**
**Skrifgedeelte: Jona 4:1-11**
**Fokusgedeelte: Jona 4:2, 10-11**
**God betoon meer lankmoedigheid met heidene wat bekeer, as sy boodskapper!**

Word jy dalk ook kwaad as God lankmoediger met ongelowige mense is as met jou? Die Here stuur Jona na die stad Nineve om hulle tot bekering op te roep. Daar was meer as 120 000 mense wat nie weet wat reg of verkeerd is nie. Ten spyte van hulle sondetoestand was God oor hulle bedroef en wil Hy sy verlossingsplan uitvoer. Jona was onwillig, maar die Here dwing hom om die oordeel in die stad aan te kondig: “Nog 40 dae en Nineve word verwoes!” ’n Wonderwerk vind plaas, die mense van Nineve het in God geglo, ’n dag van vas is aangekondig! God spaar hulle lewens! Jona is sielsongelukkig: “Ek het geweet U is ’n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde.” Jona wou liewer sterf as om te sien dat Nineve gespaar word. Buite die stad gaan Jona sit om te kyk gaan gebeur. God laat ’n komkommerplant blitsig groei om vir Jona skaduwee te gee, maar laat dit net so vinnig vrek. Jona is kwaad daaroor en smag nog meer daarna om te sterf. God se reaksie? “Jy is besorg oor die komkommerplant, maar ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie!”

Wat gaan in jou hart aan wanneer jy stoei vir oorlewing en sien hoe God lankmoedig is met mense wat “meer sondig” as jy is? Selfsugtig jaloers en on-lankmoedig teenoor mense wat tot God bekeer? God is genadig, barmhartig, lankmoedig en vol liefde met elkeen vir wie Hy dit wil gee, net so ook met jou. God die Vader bewys bo alles sy genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde deur sy Seun Jesus Christus se kruisdood en opstanding! God is lankmoedig met jou én met ander mense, ook met mense wat nog tot bekering moet kom, wat besig is om te bekeer of wat pas tot bekering gekom het. Wees bly daaroor en laat staan die selfsug. Wees ’n lankmoedige boodskapper omdat God lankmoedig is!

*Sing: Skrifberyming 9-4:4*

*Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)*